

VOORJAARSKLEURE

BENODIGDHEDE: Pingouin Classic Crylor (50-g-bolle), 50(50; 50; 50) g van kleur A, 50(50; 75; 75) g elk van kleure B, C en D; breinaalde van 3,25 mm en 4 mm.

MATE: Om borsmaat van 56(61; 66; 71) cm te pas; lengte vanaf skouer 30(34; 37; 40) cm; mounaat 22(26; 30; 33) cm.

SPANNING: 24 ste en 32 rye = 10 x 10 cm oor patroon op 4-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); pat - patroon; beg - begin; herh - herhaal; vlg - volgende; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; alt - alternatiewe; oorbl - oorblywende; adl - agter deur lus; m1 - maak een steek deur lus tussen twee naalde op te tel en in agterkant daarvan te brei; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs).

AGTERPANT: * Met 3,25-mm-breinaalde en A stel 74(80; 86; 92) ste op en brei 15 rye rif. Knip A af en heg B vas.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en aw 1 ry. Brei daarna voort in pat soos volg:

1e ry: (RK) aw 2, (r 4, aw 2) tot einde.

2e ry: Deurgaans aw.

3e en 4e ry: Soos 1e en 2e ry.

5e ry: r 3, (aw 2, r 4) tot laaste 5 ste, aw 2, r 3.

6e ry: Deurgaans aw.

7e en 8e ry: Soos 5e en 6e ry.

Hierdie 8 rye vorm die pat. Herh dit tot 24(28; 32; 36) pat-rye voltooi is.

Knip B af en heg A vas, r 2 rye, aw 1 ry. Knip A af en heg C vas. Brei 1 ry aw, brei daarna verder in pat tot agterpant 18(20; 22; 23) cm lank is vanaf opstelrand, eindig met 'n VK-ry.*

Mousgatvorming: Hou pat deurlopend korrek en heg 10(11; 12; 13) ste af aan beg van vlg 2 rye — 54(58; 62; 66) ste.

Brei reguit voort tot 24(28; 32; 36) pat-rye met C voltooi is.

Knip C af en heg A vas, brei 2 rye r en 1 ry aw.

Knip A af en heg D vas; brei 1 ry aw, brei dan voort in pat tot agterpant 12(14; 15; 17) cm lank is vanaf beg van mousgate, eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming: Heg 6(6; 7; 7) ste af aan beg van vlg 2 rye en 5(6; 7; 8) ste aan beg van daaropvlg 2 rye. Knip garing af en plaas oorbl 32(34; 34; 36) ste op 'n stekehouer.

VOORPANT: Soos agterpant van * tot *.

Mousgate en halsverdeling: Vlg ry: Heg 10(11; 12; 13) ste af, brei vlg 26(28; 30; 32) ste in pat, draai en plaas oorbl 37(40; 43; 46) ste op 'n reserwenaald. Brei op eerste stel steke voort soos volg:

** Hou pat deurlopend korrek en in ooreenstemming met agterpant. Vermin 1 st aan beg van vlg en elke daaropvlg alt ry tot 13(17; 21; 25) ste oorbl, daarna aan dieselfde kant in elke daaropvlg 3e ry tot 11(12; 14; 15) ste oorbl. Brei reguit voort tot voorpant so lank is soos agterpant tot



Die sagte kleure wat vir dié trui gebruik is, lyk des te mooier so met wit omlin

skouer en eindig aan mousgatrand.

Skouervorming: Heg 6(6; 7; 7) ste af aan beg van vlg ry. Brei 1 ry. Heg af **.

Met RK voor, heg garing aan binneste rand van ste op reserwenaald vas en brei pat tot einde van ry.

Heg 10(11; 12; 13) ste af aan beg van vlg ry.

Voltooi soos uiteengesit vir eerste kant van ** tot **

MOUE: Met 3,25-mm-breinaalde en A stel 36(40; 42; 44) ste op.

Brei 15 rye rif, maar vermeer 2(4; 2; 6) ste in laaste ry — 38(44; 44; 50) ste. Knip A af en heg B vas.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 1 ry aw.

Brei voort in pat in streepvolgorde soos uiteengesit vir agterpant [maar brei slegs 20(24; 28; 32) rye met B en C] en vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van 5e en elke daaropvlg 4e ry tot daar 60(68; 74; 82) ste is.

Brei reguit voort tot mou 22(26; 30; 33) cm lank is vanaf opstelrand en eindig aan VK. Plaas 'n merker aan weersk van laaste ry om begin van mounaat aan te dui. Brei nog

12(12; 14; 14) rye. Heg af.

HALSSTROOK: Werk linkerskouernaat toe. Met RK voor, met A en 3,25-mm-breinaalde, brei ste van halsrand op agterpant vanaf stekehouer soos volg: r 4(5; 5; 6), m1, (r 6, m 1) 4 keer, r 4(5; 5; 6), tel op en r 46(50; 54; 58) ste van linkerhalsrand, een steek aan basis van V — merk hierdie steek — dan tel op en r 46(50; 54; 58) ste oor regterhalsrand van voorpant — 130(140; 148; 158) ste.

1e ry: (r 1, aw 1) tot 2 ste voor middelste st, aw2 tes, aw 1, aw2 tes adl, aw 1, (r 1, aw 1) tot einde.

2e ry: Rif tot 2 ste voor middelste st, r2 tes adl, r 1, r2 tes, rif tot einde.

Herh dié 2 rye nog 2 keer, daarna 1e ry nog een keer.

Heg af in rif, vermin aan weersk van middelste st soos tevore.

AFWERKING: Stoom liggies aan VK van werk. Werk regterskouernaat en halsstrooknaat toe. Werk moue in. Werk sy- en mounate toe. Bewaar 'n bandjie van papierverpakking vir wasaanwysings.